N O T U L E

VAN 'N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE BESTUUR VAN DIE PLAAS VALSCHFONTEIN, GEHOU OP 15 FEBRUARIE 1982 IN DIE J L VAN HEERDEN KOMITEEKAMER, SINODALE SENTRUM, ST ANDREWSTRAAT, BLOEMFONTEIN

1 OPENING EN VERWELKOMING

Ds D S Snyman open die vergadering met gebed en verwelkom al die aanwesiges.

2 TEENWOORDIG

Ds D S Snyman (Voorsitter)
Ds C F Heyns (Sekretaris)
Ds P B Botha
Ds J Slabbert
Ds R J J van Vuren
Mnr B J du Plessis

3 PLAAS VALSCHFONTEIN

3.1 Konstituering

Die plaasbestuur het voorheen bestaan uit die sekretaris van die Sendingkommissie as voorsitter, die sekretaris van die SKDB as sekretaris en 'n boer uit die omgewing. Die SKDB het in Junie 1981 besluit dat die lede van die Uitvoerende Komitee die SKDB se verteenwoordigers op die plaas se bestuur moet wees.

Na bespreking word besluit dat die bestuur van die plaas in die toekoms sal bestaan uit twee lede elk van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en die Sendingkommissie, sowel as 'n boer uit die omgewing wat deur die plaaslike leraar aanbeveel word. Een van die lede van elk van die Kommissies moet egter die Sekretaris van die betrokke Kommissie wees.

3.2 Beplanning van die plaas

'n Skrywe is van die Departement van Landbou-Tegniese Dienste ontvang in verband met die bewaringstoestand van die plaas (Bylae A). 'n Besoek is op 18 Januarie 1982 deur ds C F Heyns en mnr B J du Plessis aan die plaas gebring, waar hulle die Voorligtingsbeampte ontmoet het.

Opdrag is aan die Voorligtingsbeampte gegee om die plaas te beplan en sy voorstelle voor te lê.

Goedkeuring word verleen dat daar voortgegaan kan word met die beplanning van die plaas in samewerking met die Departement van Landbou-Tegniese Dienste

3.3 Addisionele boorgate

In die lig van die voorgestelde beplanning van die plaas word goedkeuring verleen vir die boor van twee addisionele boorgate op die plaas. Daar sal met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geskakel word om die dienste van 'n geoloog te bekom vir die aanwys van water.

3.4 Skuif van windpomp

Goedkeuring word verleen dat die bestaande windpomp wat op die boorgat staan, wat toegegroei is, verskuif kan word na een van die ander boorgate.

3.5 Herstel van bestaande windpomp

Van die vier boorgate op die plaas lewer slegs een gat tans water. Soos reeds voorheen vermeld is die een boorgat toegegroei. Die ander twee windpompe is in die verlede deur stormwind beskadig. Die een pomp is onherstelbaar beskadig en 'n versekerings-eis van R250 is vir die pomp ontvang. Die tweede pomp se kop is beskadig en sal dus vervang moet word.

Daar word besluit dat die kop van die pomp wat beskadig is vervang en 'n eis by die versekeringsmaatskappy daarvoor ingedien moet word.

3,6 Versekering

Die verbeterings soos windpompe, damme, ens is tans nie verseker deur die verhuurders nie. Die huurder van Valschfontein het egter sy eie persoonlike versekering. Volgens die prokureurs is die verhuurders in terme van die kontrak verantwoordelik om die verbeterings te verseker indien hulle so sou verkies. Die premies moet dus uit die huurgeld betaal word. Die huurkontrak kan egter so gewysig word dat die verhuurder die polis uitneem en die premies deur die huurder betaal word. Die wysiging kan egter net aangebring word indien dit met die skriftelike toestemming van die huurders geskied. Op die oomblik betaal mnr Van Schalkwyk die premies en die polisse is in sy naam uitgeneem. Die reëling is egter onbevredigend.

Daar word besluit dat die verhuurders vanaf 1 April 1982 self die versekerin op die verbeterings sal uitneem.

3.7 Herstel van buitegebou en dam

Daar word besluit dat die buitegebou en die dam herstel moet word aangesien die verbeterings in 'n swak toestand is.

3.8 Verkoop van plaas

Op versoek van die Sekretaris van die Sendingkommissie besluit die vergadering dat ondersoek ingestel moet word na die verkoop van die halwe aandeel van die plaas van die Sendingkommissie aan die SKDB.

Die vergadering verdaag.

VOORSITTER

SEKRETARIS

Datum: ---